AFRIKAANS

# EERSTE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 1

# GRAAD 12

# NASIENRIGLYNE

## Junie 2019

**HIERDIE NASIENRIGYNE BESTAAN UIT 16 BLADSYE**

## AFDELING A: LEESBEGRIP
## ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
  Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.

- By oop vrae verdien die rede / motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir:
  - JA / NEE;
  - EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE;
  - WAAR / ONWAAR en
  - FEIT / MENING nie.

Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA / NEE;
EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE insluit / impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde / twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord / woorde is ... .

- By vrae wat een feit / punt of twee / drie feite / punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e) / punt(e) gevra) na. Indien die feit(e) / punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) per kolpunt nagesien.

- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin / sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

© Kopiereg voorbehou

**AFDELING A: BEGRIPSLEER**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

**...** [woorde]

| NR. | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | DENK VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Kantwieletjies help jou om regop te bly as jy leer fietsry en jou balans nog nie goed is nie.<br>EIE WOORDE | 1 | 3 |
| 1.2 | Permanent sielsgelukkig<br>TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE | 1 | 1 |
| 1.3 | Mens vermoed dat die ouers dit afgehaal het. | 1 | 3 |
| 1.4 | Terugkykend/ nadat mens nagedink het oor iets/As ‘n mens terugkyk.<br>EIE WOORDE | 1 | 2 |
| 1.5 | ‘n Mens moet aanhou beweeg / vooruitgaan in die lewe/ nooit stilstaan nie / nie stagneer nie. | 1 | 2 |
| 1.6 | Hou net aan trap | 1 | 2 |
| 1.7.1 | Vriende, familie<br>TWEE APARTE WOORDE | 2 | 1 |
| 1.7.2 | Mens se balans kan versteur word. / jou ondersteuners kan faal / jou familie (vriende) kan wegggaan/doodgaan. | 1 | 3 |
| 1.8 | Moeilike omstandighede soos: siekte, dood, egskeiding<br>AANVAAR SINVOLLE ANTWOORD | 1 | 4 |
| 1.9 | Jy kan omdraai en dit nooit voltooi nie. | 1 | 1 |
| 1.10 | Opdraand en afdraand. | 2 | 1 |
| 1.11 | “in die ry aanskou”<br>SLEGS ‘N FRASE | 1 | 1 |
| 1.12 | B | 1 | 1 |
| 1.13 | Sy sê dat sy voluit gaan, met spoed die lewe tegemoetgaan.<br>SOORTGELYK | 1 | 1 |

© Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.14 | Mens kan te bang wees om die moeilike dinge in die lewe aan te pak, dan is jy te versigtig.<br>Mens kan die lewe met selfvertroue tegemoetgaan, opstaan as jy val, weer te probeer.<br>EIE WOORDE | 2 | 1 |
| 1.15 | Leerder se eie siening.<br>LEERDER SE ANTWOORD MOET SINVOL WEES. | 2 | 5 |

**[20]**

| VRAAG 1<br>TEKS B: GRAFIEK | | | |
|---|---|---|---|
| **NR.** | **ASSESSERINGSRIGLYNE** | **PUNT** | **DENK VLAK** |
| 1.16 | Flieks, musiek | 2 | 2 |
| 1.17 | Twitter / Facebook / Instagram, ens. | 1 | 5 |
| 1.18 | As mense goed / positief praat oor 'n produk, sal mense dit wil koop / deur postiewe kommentaar. | 1 | 1 |
| 1.19 | Mense wat twee toepassings op hul foon het, wil moontlik 'n tweede opinie oor iets kan kry. | 1 | 4 |
| 1.20 | 71% | 1 | 1 |
| 1.21 | Deur digitale kanale soos 'n bank-toepassing. | 1 | 1 |
| 1.22 | Slim- | 1 | 2 |
| 1.23 | Sy is die **gewildste** meisie in die skool.<br>ENIGE EIE SIN WAARUIT DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD DUIDELIK BLYK. | 1 | 2 |
| 1.24 | 2019 | 1 | 1 |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

© Kopiereg voorbehou

# AFDELING B: OPSOMMING ASSESSERINGSRIGLYNE

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word (en nie doodgetrek is nie), word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien.
  Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een kolpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 70 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

**PUNTE WORD SOOS VOLG TOEGEKEN**

- Feite: 7
- Taal: 3

TOTAAL: 10

| TOEKENNING VAN TAALPUNTE VIR GETAL FEITE KORREK | |
|---|---|
| 1−3 feite korrek: | 1 taalpunt |
| 4−5 feite korrek: | 2 taalpunte |
| 6−7 feite korrek: | 3 taalpunte |

| TAALPUNTE EN AANHALINGS | |
|---|---|
| 6 – 7 aanhalings | leerling kry 0 vir taal |
| 1 – 5 aanhalings | leerling kry slegs 1 punt vir taal |

| LENGTE |
|---|
| Nasiener moet hom-/haarself vergewis van die aantal woorde. Geen punte word afgetrek indien daar te min/te veel woorde is of as die getal woorde verkeerd aangedui is nie. Indien die totale woorde meer is as die toegelate getal, lees die nasiener slegs tot aan die einde van die sin waarin die maksimum woorde voorkom. Die res van die opsomming word dan geïgnoreer. |

© Kopiereg voorbehou

## TEKS C:

**Wenke om gelukkig by die werk te wees.**

Wenke om gelukkig by die werk te wees.

Ons almal is definitief nie altyd gelukkig by die werk nie. Maar hoe bly ‘n mens gelukkig? Linda Trim, direkteur by Giant Leap, gee ‘n paar wenke oor hoe om gelukkig by die werk te wees.

‘n Mens kan self besluit of jy gelukkig by die werk wil wees of nie. Trim erken dit is soms moeilik om díe keuse te maak. Dink positief oor jou werk en fokus op dinge waarvan jy hou.

Het jy al belowe om iets by die werk te doen en dan kom jy net nie daarby uit nie? Werknemers wat skuldig voel omdat hulle nie gedoen het wat hulle gesê het hulle sal doen nie, is dikwels baie ongelukkig by die werk.

Baie mense kla dikwels hul baas gee geen terugvoer nie. Hulle weet nie hoe hulle presteer nie. Die waarheid is dat jy presies weet hoe jy presteer, jy wil net bevestiging daarvan hê. Praat met jou baas daaroor.

Bly op die hoogte van sake en vra as jy onseker is oor iets. Mense wat nie weet wat by die werk aangaan nie is dikwels baie ongelukkiger as hul ander kollegas.

Jy wil dalk nie na werk saam met jou kollegas kuier nie, maar dit is tog die moeite werd om vriende by die werk te maak. As jy goeie vriende by die werk het, is daar ‘n goeie kans dat jy jou werk gaan geniet.

Praat vooraf met jou baas oor jou salaris en oor jou werksure. Jy moet presies weet wat van jou verwag word en hoeveel jy maandeliks daarvoor betaal gaan word.

Werkers moet weet van moontlikhede om bevorder te word. ‘n Mens sal jou werk soveel meer geniet as jy weet harde werk word raakgesien en jy kan moontlik in die toekoms bevorder word

**Verwerk uit ‘n artikel van Elvira Wood – Netwerk 24, 20 April 2019.**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

© Kopiereg voorbehou

## TEKS C: OPSOMMING

| Teks uit vraestel | (61woorde) |
|---|---|
| 1. Ons almal is definitief nie altyd gelukkig by die werk nie. Maar hoe bly 'n mens gelukkig? Linda Trim, direkteur by Giant Leap, gee 'n paar wenke oor hoe om gelukkig by die werk te wees. . | |
| 2. 'n Mens kan self besluit of jy by die werk gelukkig wil wees of nie. Trim erken dit is soms moeilik om díe keuse te maak. Dink positief oor jou werk en fokus op dinge waarvan jy hou. | 1. Besluit self om gelukkig te wees. |
| 3. Het jy al belowe om iets by die werk te doen en dan kom jy net nie daarby uit nie? Werknemers wat skuldig voel omdat hulle nie gedoen het wat hulle gesê het hulle sal doen nie, is dikwels baie ongelukkig by die werk. | 2. Maak net beloftes wat jy kan hou. |
| 4.Baie mense kla dikwels hul baas gee geen terugvoer nie. Hulle weet nie hoe hulle presteer nie. Die waarheid is dat jy presies weet hoe jy presteer, jy wil net bevestiging daarvan hê. Praat met jou baas daaroor. | 3. Praat met jou baas en vra vir terugvoer. |
| 5. Bly op die hoogte van sake en vra as jy onseker is oor iets. Mense wat nie weet wat by die werk aangaan nie, is dikwels baie ongelukkiger as hul ander kollegas. | 4. Weet wat aangaan by die werk en vra as jy onseker is. |
| 6.Jy wil dalk nie na werk saam met jou kollegas kuier nie, maar dit is tog die moeite werd om vriende by die werk te maak. As jy goeie vriende by die werk het, is daar 'n goeie kans dat jy jou werk gaan geniet. | 5. Maak goeie vriende by die werk. |
| 7.Praat vooraf met jou baas oor jou salaris en oor jou werksure. Jy moet presies weet wat van jou verwag word en hoeveel jy maandeliks daarvoor betaal gaan word. | 6. Jy moet weet wat jou werksure is en hoeveel betaling jy gaan kry. |
| 8. Werkers moet weet van moontlikhede om bevorder te word. 'n Mens sal jou werk soveel meer geniet as jy weet harde werk word raakgesien en jy kan moontlik in die toekoms bevorder word | 7. Werkers moet weet of hul moontlik bevorder kan word. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

© Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAAL
## ASSESSERINGSRIGLYNE

**WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees.
- Standaardafrikaans geld.

**SINSTRUKTURE**

- Die **ge-** moet as **een woord** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin oorgeskryf word.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat slegs die antwoord moet skryf, moet die kandidaat die korrekte antwoord onderstreep of uitlig, indien die antwoord in 'n sin is.

**VRAAG 3**
**TEKS D: ADVERTENSIE**

| VR | | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | "Behoorlike voorbereiding" | 1 |
| 3.2 | www.duxedmedia.com | 1 |
| 3.3 | C | 2 |
| 3.4 | Leerder moet die betekenis van "kundige" duidelik maak.√<br>'n Goed saamgestelde sin.√<br>(As "kundige" se betekenis nie duidelik is nie, word 0 gegee, al is die sin goed saamgestel.) | 1 |
| 3.5 | Die naam is donkergedruk. | 1 |
| 3.6 | 'n Sin wat die betekenis laat blyk, bv. Die oefenvraestelle wat ek gekoop het, is uniek. (Ook 'n ander nuutsaamgestelde sin.) | 1 |
| 3.7 | Leerders kan oefenvraestelle uitwerk om hulle voor te berei vir die eksamen.<br>DIE BETEKENIS VAN "OEFENVRAESTELLE" MOET DUIDELIK BLYK UIT DIE SIN. | 1 |
| 3.8 | Verswak / versleg. | 1 |
| 3.9 | En ander grade / vir alle grade. | 1 |

**[10]**

**VRAAG 4**
**TEKS E: STROKIESPRENT**

| VR | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Vriende / maats | 1 |

© Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 4.2 | Zitts is besig om ‘n fliek / film te maak | 1 |
| 4.3 | Hy sê dat hy √/ hulle nie belangstel√ nie. | 2 |
| 4.4 | As jy nie die liedjie se woorde ken nie, moet jy maar improviseer.<br>DIE BETEKENIS VAN “IMPROVISEER” MOET DUIDELIK BLYK. | 1 |
| 4.5 | Zitts wys met sy vinger na Hector.<br>Hector se oë rek groot as hy besef dat hy die dwergie moet wees. | 2 |
| 4.6 | Hector weet dat hy te groot is om die dwergie te speel / want hy is lank / want hy is groot. | 1 |
| 4.7 | Hy sal moontlik wil weet hoe Zitts vir Hector as ‘n dwergie sal gebruik in die film. | 1 |
| 4.8 | Zitts sien homself as ‘n kunstenaar / Zitts is ‘n kunstenaar | 1 |
| | | **[10]** |

| **VRAAG 5<br>TEKS F: LEESSTUK** | | |
|---|---|---|
| **VR** | **ASSESSERINGSRIGLYNE** | **PUNT** |
| 5.1 | rondloperhondjie | 1 |
| 5.2 | dr. | 1 |
| 5.3 | elfjarige | 1 |
| 5.4 | Wes-Rand | 1 |
| 5.5 | vier | 1 |
| 5.6 | blaffende | 1 |
| 5.7 | ...dat hy sommer daar gebly het. | 1 |
| 5.8 | hondebed | 1 |
| 5.9 | Cooke sê dat hy deur die nag gehuil het, maar (hy) het rustig geraak toe sy ‘n koekie vir hom gegee het. | 1 |
| 5.10 | knoppe | 1 |
| 5.11 | moeilik | 1 |
| 5.12 | oorgewig | 1 |
| 5.13 | dieet | 1 |
| 5.14 | ...nie meer twee jaar leef nie. | 1 |
| 5.15 | pragtige | 1 |
| 5.16 | beste | 1 |
| | | **[16]** |

© Kopiereg voorbehou

| TEKS G: PRENT | | |
|---|---|---|
| 5.17 | Waar is | 1 |
| 5.18 | onder | 1 |
| 5.19 | As mens stokkiesdraai, gaan jy nie skool toe nie. | 1 |
| 5.20 | Sigaret. | 1 |
| | | **[4]** |
| | | **[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

**OPSOMMING: KOGNITIEWE VLAKKE / DENKVLAKKE**

| VRAAG | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | 9 | 3 | 12 | 3 | 3 |
| | | | | | |
| | **12/30** | | **12/30** | **6/30** | |
| **NORM** | 40% | | 40% | 20% | |

© Kopiereg voorbehou

# VRAESTELANALISE

## (volgens Barrett se Taksonomie)

| **VAK : AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL** | | | | **GRAAD : 12** | |
|---|---|---|---|---|---|
| **TIPE OPDRAG** | | **NOVEMBER: 2016** | | | |
| **VRAAG NO** | **VLAK 1**<br><br>**LETTERLIKE VLAK** | **VLAK 2**<br><br>**HERORGANISASIE** | **VLAK 3**<br><br>**BEREDENEERDE GEVOLGTREKKING** | **VLAK 4**<br><br>**EVALUERING** | **VLAK 5**<br><br>**WAARDERING** |
| | Staaf/bewys. Beskryf Identifiseer. Ken. Noem op. Vergelyk. | Som op. Herken verskille. Verstaan. Verduidelik, Verdedig. Veralgemeen. Gee vbe. | Toepassing. Vergelyk. Hoofgedagtes. Oorsaak en gevolg. Verduidelik. Afleidings. Trek verbande. Waar of Vals. Voltooi. Probleemoplossing., Visuele + grafiese interpretasie., Meervoudige keuse. | Toepassing. Vergelyk. Hoofgedagtes. Oorsaak en gevolg. Verduidelik. Afleidings. Trek verbande. Waar of Vals. Voltooi. Probleemoplossing., Visuele + grafiese interpretasie Meervoudige keuse. | Bespreek respons. Eie mening. Empatie/ nie. Hoe sou jy optree?. Bespreek taalgebruik / formaat. Genre. Tipografie. Kategoriseer. Kombineer. Verduidelik |
| 1.1 | | | 1 | | |
| 1.2 | 1 | | | | |
| 1.3 | | | 1 | | |
| 1.4. | | | 1 | | |
| 1.5 | | | 1 | | |
| 1.6 | | 1 | | | |
| 1.7.1<br>1.7.2 | 2 | | 1 | | |
| 1.8 | | | | 1 | |
| 1.9 | 1 | | | | |
| 1.10 | 2 | | | | |
| 1.11 | 1 | | | | |
| 1.12 | | | 1 | | |
| 1.13 | | | | 1 | |
| 1.14 | | | 1 | | |
| 1.15 | | | | | 2 |
| 1.16 | | | 2 | | |
| 1.17 | | | | | 1 |
| 1.18 | | | 1 | | |
| 1.19 | | | | 1 | |
| 1.20 | 1 | | | | |
| 1.21 | | | 1 | | |
| 1.22 | | | 1 | | |
| 1.23 | | 1 | | | |
| 1.24 | 1 | | | | |
| 1.25 | | | | | |
| **TOTAAL VRAAG 1** | **9** | **3** | **12** | **3** | **3** |
| | **12/30** | | **12/30** | **6/30** | |
| | 40% | | 40% | 20% | |

© Kopiereg voorbehou

# Gr. ...: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**KABV-dokument**, bl. 48 – 50 ...... 2017

| Taalstrukture | Tipes | | |
|---|---|---|---|
| **Klankleer en spelling** | **Klanke** | | |
| | Konsonante | | |
| | Vokale | | |
| | Diftonge | | |
| | **Klankverskynsels soos** | | |
| | Assimilasie | | |
| | Oorronding | | |
| | Ontronding | | |
| | Spelpatrone | | |
| | Spelreëls | | |
| | Klankgrepe | | |
| | Lettergrepe | | |
| | Afkortings | | |
| | Verkortings | | |
| | Akronieme | | |
| | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Leestekens** | 1. Komma | , | | |
| | 2. Vraagteken | **?** | | |
| | 3. Punt | **.** | | |
| | 4. Dubbelpunt | **:** | | |
| | 5. Kommapunt | **;** | | |
| | 6. Aanhalingstekens | **‶..** | | |
| | 7. Aandagstreep | **-** | | |
| | 8. Uitroepteken | **!** | | |
| | 9. Beletselteken / ellips (net drie ...) | **...** | | |
| | 10. Asterisk | ***** | | |
| | 11. Hakie | **( )** | | |
| | 12. Parentese | **-** | | |
| **Skryftekens** | 1. Afkappingsteken | **-** | | |
| | 2. Koppelteken | **-** | | |
| | 3 Deelteken | **Ë** | | |
| | 4. Kappie | **Ê** | | |
| | 5. Klemteken: **Akuut** | **É** | | |
| | 6. Klemteken: **Gravis** | **È** | | |
| **Selfstandige naamwoorde** | 1. **Soortnaam**: | | | |
| | 2. **Eienaam**: | | | |
| | 3. **Versamelnaam** | | | |
| | 4. **Abstrak**: | | | |
| | 5. **Meervoud**: | | | |
| | 6. **Verkleining**: **-.** | | | |
| | 7. **Geslag** | | | |
| **Telwoorde** | 1. **Hooftelwoorde**: | | | |
| | 2. **Rangtelwoorde**: | | | |
| **Lidwoorde** | 1. Onbepaald (**‘n**) | | | |
| | 2. Bepaald (**die**) | | | |
| **Voorsetsels** | 1. **Alle voorsetsels** | | | |

© Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tussen-werpsels** | 1. Sjoe!<br>2. Eina! | | |
| **Voornaam-woorde** | 1. **Aanwysend**: hierdie, | | |
| | 2. **Persoonlik**: ek, jy, | | |
| | 3. **Onpersoonlik**: dit, daar, | | |
| | 4. **Besitlik**: my, sy, | | |
| | 5. **Betreklik**: wat, wie | | |
| | 6. **Vraend**: waarin, wat, | | |
| | 7. **Onbepaald**: iets, 'n | | |
| | 8. **Wederkerend**: hy … | | |
| | 9. **Wederkerig**: mekaar | | |
| **Byvoeglike naamwoorde** | **Attributief:** | | |
| | **Predikatief:** | | |
| | **Letterlike betekenis** | | |
| | **Figuurlike betekenis** | | |
| | **Trappe van vergelyking**: | | |
| | **Intensiewe vorme:** | | |
| | **Verboë vorme:** … | | |
| | **Vergelykings:** | | |
| **Bywoorde van** | **Tyd:** nou-nou, gister | | |
| | **Wyse:** | | |
| | **Plek:** | | |
| | **Modaliteit:** dalk, moontlik | | |
| **Werkwoorde** | **Selfstandige / Hoofwerkwoord** | | |
| | **Deeltjiewerkwoorde**: Skeibare en Onskeibare wwe.: ingaan – gaan in, opteken – teken op | | |
| | **Koppelwerkwoorde**: is, was, word, blyk, heet, skyn, | | |
| | **Teenwoordige** (*onvoltooide*) **deelwoord**: | | |
| | **Verlede** (*voltooide*) **deelwoord** | | |
| | **Swak verlede deelwoord**: | | |
| | **Sterk verlede deelwoord**: | | |
| | **Hulpwerkwoorde**: tyd, wyse, plek, vorm | | |
| | **Infinitief**: om te + werkwoord, te + werkwoord: behoort, hoef, skyn, blyk. | | |
| **Voegwoorde** | **Verbind sinsdele en sinne aan mekaar**: | | |
| | **GROEP 1**: **NEWESKIKKEND**) | | |
| | **GROEP 2**: | | |

© Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **VOEGWOORDELIKE** | | |
| | **GROEP 3**: (**ONDERSKIKKEND**) | | |
| **Verbindings-woorde (skryf van sinne en paragrawe)** | Sluit in woorde soos voegwoorde, betreklike voornaamwoorde, bywoorde, telwoorde. | | |
| **Tyd** | 1. Teenwoordige tyd: | | |
| | 2. Verlede tyd: | | |
| | 3. Toekomende tyd: | | |
| **Sinne en sinsdele** | 1. **Bou van 'n enkelvoudige sin**: | | |
| | 2. **Woordorde in sinne**: | | |
| | 3. **Sinsoorte**: | | |
| | 4. **Saamgestelde sinne**: | | |
| | 5. **Veelvoudige sinne**: hoof- en neweskikkend. | | |
| | **6. Ontkenning**: | | |
| **Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief)** | 1. | | |
| | 2. Sinne sonder onderwerp | | |
| | 3. Sinne in verlede tyd | | |
| | 4. Sinne in toekomende | | |
| | 5. Sinne met hulpwerkwoorde | | |
| | 6. Bevelsin | | |
| | 7. Vraagsin | | |
| **Direkte en indirekte rede** | 1. Stelsin | | |
| | 2. Vraagsin | | |
| | 3. Bevelsin | | |
| | 4. Verandering van leestekens | | |
| | 5. Verandering van bywoorde van plek | | |
| | 6. Verandering van bywoorde van tyd | | |
| | 7. Verandering van voornaamwoorde | | |
| **Woordvorming** | 1. Voorvoegsels | | |
| | 2. Agtervoegsels | | |
| | 3. Stamme | | |
| | 4. Basisvorme | | |
| | 5. Kern en bepaler | | |
| | 6. Simplekse | | |

© Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7. Komplekse | | |
| | 8. Afleiding | | |
| | 9. Samestelling | | |
| | 10. Samestellende afleiding | | |
| | 11. Verbindingsklanke | | |
| **Betekenisleer en woordeskat-uitbreiding** | 1. Sinonieme | | |
| | 2. Antonieme | | |
| | 3. Paronieme (bv. drink, drank, dronk.) | | |
| | 4. Polisemie (bv. **uit** tussen hulle / val **uit** my hand.) | | |
| | 5. Homonieme (bv. sy **ken** hom / haar **ken** is mooi.) | | |
| | 6. Homofone (bv. **bleik** in son / **blyk** van waardering.) | | |
| | 7. Doeblette (bv. darem, daarom / teken, teiken) | | |
| | 8. Een woord vir 'n omskrywing | | |
| | 9. Idiome | | |
| | 10. Idiomatiese uitdrukkings | | |
| | 11. Spreekwoorde | | |
| | 12. Anglisismes | | |
| | 13. Nuwe woorde (neologismes) | | |
| | 14. Leenwoorde | | |
| | 15. Afleiding | | |
| | 16. Samestelling | | |
| **Kritiese taal-bewustheid** | 1. Denotasie | | |
| | 2. Konnotasie | | |
| | 3. Gevoelstaal | | |
| | 4. Manipulerende taal | | |
| | 5. Aannames | | |
| | 6. Geïmpliseerde betekenis en afleiding | | |
| | 7. Doel van seleksie en weglating van inligting | | |
| | 8. Skrywer se standpunt | | |
| **Advertensie** | | | |

© Kopiereg voorbehou